


# HET JESUS UIT DIE DOOD OPGESTAAN?






Dis 'n redenasie wat ek oor die jare al baie gehoor het, en jy seker ook!

Soos mens kan verwag, is dit veral nie-kerkmense wat só redeneer.

Ek verstaan heeltemal dat, as jy die Bybel nog nooit gelees het of die geskiedenis van die Bybelse tye bestudeer het nie, jy dié grondliggende waarheid moeilik sal kan begryp of glo.



Die Bybel stel dit **baie duidelik** dat Jesus uit die dood opgestaan het. Ek kan **negentien** Bybelverse aanhaal wat sy opstanding as 'n feit noem!

Die engel het aan die vroue gesê: "Moenie vrees nie, want ek weet julle soek Jesus wat gekruisig is. Hy is nie hier nie, want Hy het opgestaan soos Hy gesê het. Kom kyk, daar is die plek waar hy gelê het." (Mattheüs 28:5-6)







**Die waarheid wat ek hier vertel, is egter onweerlegbaar.**
Kyk bietjie wat sê Mattheüs 27:



*Pontius Pilatus luister na die Hoë Priesters en Fariseërs*

"Die volgende dag, dit is die dag ná die voorbereiding, kom die owerpriesters en die Fariseërs by Pilatus saam en sê: My heer, ons herinner ons dat dié verleier, toe hy in die lewe was, gesê het: *Oor drie dae staan ek op.* Gee dan bevel dat die graf verseker word tot die derde dag toe, dat sy dissipels nie miskien in die nag kom en Hom steel nie, en vir die volk sê: *Hy het opgestaan uit die dode.* En die laaste dwaling sal erger wees as die eerste.

"Daarop sê Pilatus vir hulle: Julle sal 'n wag kry; gaan verseker dit soos julle dit verstaan."



Mattheüs 27:66 lui voorts: "En hulle het gegaan en die graf verseker deur die steen te verseël in die teenwoordigheid van die wag."

Die verseëling vind plaas in die teenwoordigheid van die Romeinse wagte, wat opdrag gegee is om hierdie stempel van Romeinse gesag te beskerm.

**In die proses het hulle egter nog verder gegaan en só bykomende getuienis van die leë graf en die opstanding van Jesus verskaf.**

## Vir die Romeinse soldate

was die taak wat hulle moes uitvoer, net nog 'n opdrag. Hulle het net 'n enkele doel voor oë gehad, en dit was om hulle plig as soldate van die Romeinse Ryk, waaraan hulle trou gesweer het, ten strengste uit te voer.

Die Romeinse seël wat aan die klip voor Jesus se graf geheg was, was vir hulle heiliger as die ganse filosofie van Israel.



*Soldate wat só hardgebak was dat hulle om 'n sterwende slagoffer se kleed kon dobbel, sou hulle nie deur beskimmelde Galileërs laat kul nie.*




*Mikhail Nesterov se beroemde skildery van dié aangrypende oomblik.*

In 56 nC skryf Paulus dat meer as vyf honderd mense die opgestane Jesus gesien het en dat die meeste van hulle steeds leef (1 Korinthiërs 15:6).

Dis heeltemal ondenkbaar dat die vroeë Christene so 'n storie sou bedink en dan verkondig het onder diegene wat dit maklik kon weerlê bloot deur Jesus se lyk te toon.

***Let wel: Jesus se dissipels het sy opstanding as ooggetuies verkondig - en dit terwyl mense wat die gebeure meegemaak het, steeds geleef het.***

Toe Paulus met die Atheners oor Christus gespreek het, het hulle geen antwoord op sy aanspraak gehad nie. "Toe hulle van die opstanding van die dode hoor, het sommige begin spot." (Hand. 17:32)



Hoekom het Paulus sulke ongeloof in Griekeland ondervind, maar nie in Jerusalem nie? **Omdat in Jerusalem die leë graf onbetwisbaar was.**

Paulus se toehoorders het nie die verhaal self ondersoek nie, maar om probleme met die ondersoek te vermy, was hulle tevrede om in onkunde te spot. **Intellektuele selfmoord beskryf hulle standpunt ten beste.**




*As die Jode amptelik opdrag gegee het dat die lyk verwyder moes word, waarom het hulle nie, toe die apostels die opstanding in Jerusalem verkondig het, gesê nie: "Wag! Ons self het die lyk verwyder! Jesus het nie uit die graf opgestaan nie."*







***As Jesus se liggaam gevind kon word, sou die Jode dit sonder twyfel uitgestal het. Dit sou immers korte mette met hele kwessie gemaak het!***

Toe Jesus se opstanding rugbaar geraak het, wat dadelik gebeur het, het die dissipels dit openlik verkondig. En toe hulle die opstanding die grondslag en waarheid van hulle prediking in sy Naam gemaak het (juis dit wat sy volgelinge saamgesnoer het), kon die Jode die liggaam nie tevoorskyn bring nie. *Paley, VEC, 196-198*



**DAAR IS SLEGS TWEE MOONTLIKE VERKLARINGS VIR DIE LEë GRAF:**

| *Die werk van mense:* | *Die werk van God:* |
| --- | --- |
| Deur vyande verwyder - geen beweegrede | Die mees logiese verklaring |
| Deur vriende verwyder - geen mag | |




Dit sou tot voordeel van die owerhede gewees het as die liggaam gebly het waar dit was; die bewering dat die dissipels die liggaam gesteel het, hou nie water nie.

**Die Mag wat die liggaam van die Verlosser uit die graf verwyder het, moes derhalwe Goddelik wees.**




## In daardie dae was daar vals bewerings dat die dissipels die liggaam verwyder het.

"Elke dissipel, met die uitsondering van Johannes, het 'n martelaarsdood gesterf. Hulle is vervolg omdat hulle koersvas by hulle oortuigings en leerstellings gehou het. "Mense sal sterf vir dit wat hulle *glo die waarheid is*, al is dit in der waarheid vals. Hulle sal egter nie sterf vir iets wat hulle *weet 'n leuen is* nie." As die dissipels Jesus se liggaam gesteel het, sou hulle geweet het hulle opstandingsgetuienis is vals. Hulle het egter konsekwent getuig dat die opstanding die basis van hulle lering, prediking, lewe en - veelseggend - sterwe vorm. **Die teorie dat die dissipels die liggaam gesteel het, is gewoon belaglik."** (Lewis & Short, LD, 62-64.)

## Dink bietjie hieroor!



Die opstanding is die grondves van die kerk; die weerlegging hiervan sou die geloofwaardigheid van die Nuwe Testament geheel en al vernietig het. Pleks hiervan is Christene dwarsdeur die eerste eeu gedreig, aangerand, gegesel en doodgemaak vir hulle geloof. Hulle kon baie makliker stilgemaak gewees het deur Jesus se liggaam te voorskyn te bring, maar dit is nooit gedoen nie.

**Soos John R W Stott dit tereg stel, die stilswye van Christus se vyande "spreek net so klinkklaar van die opstanding as die dissipels se getuienis".**

**Jesus se vyande verskaf dus self die bewys van die opstanding!**




Vir Kaiafas was die blote gedagte dat Jesus uit die dood opgestaan het, verwerplik. Soos Pilatus sou hy die Romeinse soldate en die Joodse polisie opdrag gegee het om die lyk op te spoor, met die doel om dit deur die stad se strate te sleep en so te bewys dat Jesus 'n bedrieër is.

**Gevolg:** ***Die Blye Tyding*** **en die Nuwe Testament!**

**Ter wille van vergelyking, hier is die volledige rekord, soos saamgestel deur G B Hardy:**







**Wêreldwye Selfoon-evangelisasie, Bybelstudie en Preke**

*Kontakbesonderhede:*
**Neville Nevelling**
*Neville WhatsApp:* +264811285323
*e-pos:* neville@awr.org

*Webblad vir Afrikaanse Nutsitems:*
teksopteks.co.za




VERTAAL DEUR DR. HANS KOEN • BLADJIE © GEORGE ROSS